AJ36

# EENHEID MET UITENH...

Bew

Vyf-en-twintig jaar na die Sharpeville moorde het die Suid Afrikaanse polisie weer genadeloos 43 mense platgeskiet. Veel meer was beseer en vermis. Die mense was op pad om hul laaste hulde aan drie van ons kamerade te betoon. Hierdie drie mense was tydens die aanhoudende geweld teen ons mense in Uitenhage doodgeskiet.

Gedurende die afgelope jaar het die polisie en die weermag honderde menst afgemaai in plekke soos Port Elizabeth, Crossroads, en Cradock. Hierdie mense was besig om op wettige wyse teen: hervestiging, vrot opvoeding, slegte behuising, gemeenskapsrade, stygende huur, ens. te protesteer.
Dit is duidelik dat die Staat oorlog op ons mense verklaar het. Dit is ironies dat hulle nog van vreedsame hervorming praat.

Nog 'n algemene teken van die Staat se verdrukking is aanhouding sonder verhoor. Meer as 1 000 mense was op een tyd in aanhouding, en daar is ten minste 69 mense is tot op hede in aanhouding dood. Die Staat verklaar alle opposisie onwettig.

Dit is duidelik dat die Staat oorlog op ons mense verklaar het. Daarom kamerade, laat ons verenig en laat ons by progressiewe organisasies soos GRACA, GYM, COSAS, GRAYCO en GRAWO aansluit.

LAAT ONS SAAMSTAAN - - - OORWINNING IS VERSEKER.

VOORWAARTS MET DIE STRYD VIR DEMOKRASIE! !

ISSUED BY BSM/AZASO, c/o R.U. SRC, GRAHAMSTOWN

Expiry date: 25/3/85

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.